# 2010: ‘n gedempte jaar

## Plaaslike ekonomiese nuus: Desember 2010

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

‘n Terugblik op die Suid-Afrikaanse ekonomie in 2010

Na die finansiële krisis van 2009 toe ekonomiese groei vir die eerste keer sedert 1992 negatiewe laagtepunte bereik het, was 2010 darem ‘n ietwat beter jaar, hoewel groei steeds wankelrig bly. Verbruikersgedrag het grootliks die neigings in die algemene ekonomie weerspieël, met die groei in besteding steeds aan die lae kant.

### Werkloosheid

Teen die einde van die derde kwartaal van 2010 was altesame 4.4 miljoen mense sonder werk. ‘n Kommerwekkende feit is dat sowat 1.94 miljoen van hulle nuwelinge in die arbeidsmark was. ‘n Groot aantal matrikulante en gegradueerdes sukkel om in die arbeidsmark opgeneem te word, wat die werkloosheidsyfer van jongmense beduidend opgestoot het. Dit sluit nie eens die 1.3 miljoen mense in wat tot en met die derde kwartaal van 2010 afgelê is nie. Gelukkig is daar ‘n liggie aan die einde van die werkloosheidstonnel: die tempo van werkverliese het begin afneem namate die ekonomie bly groei, al is dit teen ‘n slakkepas. In sy jongste groeistrategie het die regering enkele weke gelede die hoop uitgespreek dat 5 miljoen werkgeleenthede in die volgende tien jaar met die samewerking van die private sektor geskep sal word.

### Huishoudelike skuld steeds ‘n bron van kommer

Voor die inwerkingtreding van die Nasionale Kredietwet het lae rentekoerse en die maklike kredietverleningsvoorwaardes huishoudings in staat gestel om baie persoonlike bates aan te koop. Die waarde van residensiële geboue het gestyg van R1.02 triljoen in 2005 tot R1.59 triljoen in 2009. Terselfdertyd het huishoudelike skuld as ‘n persentasie van besteebare huishoudelike inkomste van 64.3% in 2005 vermeerder tot 80.2% in 2009. Dit was dus nog nie moontlik vir huishoudings om ‘losgemaakte’ besteebare inkomste te spandeer namate rente en inflasie gedaal het nie: hulle moes dit aanwend om hoë debietvlakke te diens.

Volgens die jongste beskikbare inligting was daar in die loop van 2010 baie min verandering in debietvlakke, deurdat hulle in die tweede kwartaal tot by 78.2% gedaal het. Die vermindering van skuld tot by die vlakke

waarop dit voor die krisis gestaan het, is belangrik vir die verbetering van verbruikersvertroue en bestedingspatrone.

## Ons spaar steeds nie genoeg nie

Omdat verbruikers steeds op skuldvermindering konsentreer, is daar minder diskresionêre inkomste beskikbaar vir enigiets anders, insluitend spaar.

As ‘n persentasie van die BBP was die nasionale spaarkoers vir die tweede kwartaal van 2010 slegs 16.9% - heelwat laer as die vlakke van 20% tot 25% wat nodig is om beleggingsbesteding te finansier, groei te stimuleer en werksgeleenthede te skep. Vir die huishoudelike sektor is die prentjie selfs donkerder met ‘n verhouding van net 1.6% tussen spaar en die BBP in kwartaal 2. Terwyl dit belangrik is vir die land om te spaar, is dit nog belangriker vir die huishoudelike sektor: met die strenger uitleen-vereistes wat geld, sal jy beslis ‘n deposito vir jou volgende huisverband benodig. Om persoonlike finansiële vryheid te verseker, is dit dus belangrik om te spaar. Verskillende spaarwerktuie is geskik vir verskillende behoeftes. Terwyl dit belangrik is om vir jou finansiële behoeftes soos behuising te spaar, is daar ook die erg verwaarloosde aspek van geld opsy te sit vir lewensrisiko’s soos die verlies van ‘n broodwinner se inkomste vanweë sterfte of fisieke ongeskiktheid.

Volgens ‘n onlangse ASISA-verslag is Suid-Afrikaanse verdieners met tot R10 triljoen onderverseker. Die las val uiteindelik op die staat as mense nie teen ongeskiktheid verseker is nie en op regeringstoelaes of hul afhanklikes moet steun as hulle sonder inkomste of heenkome gelaat word. As ‘n ontwikkelende nasie kan ons nie ‘n verhoging in die toelaag-begroting bekostig nie, aangesien dit dan ander diensleweringsprojekte van hul inkomste ontneem.

## Besteebare inkomste gaan na verwagting verbeter

Met die veranderinge in ekonomiese groei en indiensnemingsneigings, het besteebare huishoudelike inkomste ook gefluktueer. Dit sal na verwagting aanstaande jaar verbeter namate ekonomiese groei hoër as die verwagte 3% koers vir 2010 styg en naderbeweeg aan ons potensiële opbrengsvlak van 4.5%. Namate ekonomiese groei momentum kry, sal die koers van afleggings afneem na die voor-krisis vlakke en sal die balansstate van maatskappye dermate verstewig dat hulle in staat sal wees om die grootte van hul arbeidsmag aan te vul. ‘n Projeksie deur die Andrew Levy Loonskikkings-opname dui daarop dat loonskikkings in 2010 ‘n gemiddeld van tussen 7.5% en 8.5% sal handhaaf. Dit het die besteebare inkomste van verbruikers wat gelukkig genoeg is om nog werk te hê, ‘n hupstoot gegee.

## Rentekoersverlagings

Die Monetêre Beleidskomitee (MBK) van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het vandeesweek sy laaste vergadering gehou. Soos allerweë verwag is, is rentekoerse met 50 basispunte verlaag. In totaal het die MBK sedert Desember 2008 rentekoerse met ‘n kumulatiewe 650 basispunte gesny. Dit bring die repo-

koers af na 5.5% en die prima-oortrekkingskoers na 9%. Die bank se besluit, wat vir die ekonomie goeie nuus is, is geneem teen ‘n agtergrond van wankelrige groeivooruitsigte en ‘n swak inflasie-omgewing. Hoewel dit steeds die SARB se mandaat bly om inflasie te teiken, is hulle buigsaam in die sin dat hulle ook na ander ekonomiese aanwysers soos ekonomiese groei kan kyk wanneer hulle rentekoers-besluite neem. Laer rentekoerse sal besteding ‘n hupstoot gee, wat noodsaaklik is vir ekonomiese groei en dit sal terselfdertyd die koste om skuld te diens, verminder. Selfs teen die huidige lae rentekoerse is daar steeds ‘n beduidende aantal verbruikers daarbuite wat sukkel om aan maandelikse skuldvereistes te voldoen. Vir hulle is dit dus goeie nuus.

Dit moet onthou word dat mense wat op rente as hul enigste bron van inkomste staatmaak, altyd hard getref word wanneer rentekoerse daal en vir lang tydperke laag gehou word. Daar is egter ‘n mate van ‘versagting’ in die feit dat inflasie in Suid-Afrika ook redelik laag is, anders as in sommige gevorderde ekonomieë waar pensionarisse ook met lae rentekoerse te make het, maar dan te midde van stygende inflasie.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*